## LUG JOU MENING!

## OPROEP VIR OPENBARE KOMMENTAAR

Die Gekose Komitee oor Handel en Nywerheid, Ekonomiese Ontwikkeling, Kleinsakeontwikkeling, Toerisme, Indiensneming en Arbeid nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor twee wetsontwerpe in te dien: Wysigingswetsontwerp op die Beskerming van Uitvoerende Kunstenaars [B 24D – 2016] en Wysigingswetsontwerp op Kopiereg [B 13D] – 2017].

### WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE BESKERMING VAN UITVOERENDE KUNSTENAARS [B 24D – 2016]

Die wetsontwerp het ten doel om die Wet op die Beskerming van Uitvoerende Kunstenaars, 1967, te wysig om sekere omskrywings in te voeg, te skrap of te vervang; om voorsiening te maak vir kunstenaars se ekonomiese regte; om morele regte van kunstenaars uit te brei wat oudiovisuele vasstellings betref; om voorsiening te maak vir die oordrag van regte waar ’n kunstenaar toestem tot die vasstelling van ’n opvoering; om voorsiening te maak vir die beskerming van die regte van vervaardigers van klankopnames; om die beperkings op die gebruik van opvoerings te verbreed; om die toepassing van beperkings op die gebruik van opvoerings uit te brei na oudiovisuele vasstellings; om voorsiening te maak dat tantième of billike vergoeding betaalbaar is wanneer ’n opvoering verkoop of verhuur word; om voorsiening te maak vir die aantekening en aanmelding van sekere aktiwiteite en om voorsiening te maak vir ’n misdryf in verband daarmee; om uitsonderings van verbodsbepalings na oudiovisuele vasstelling en klankopnames uit te brei en uitsonderings in te sluit waarvoor in die Wet op Outeursreg, 1978, voorsiening gemaak word; om voorsiening te maak vir die Minister om verpligte en standaard kontraktuele bepalings voor te skryf asook riglyne vir ’n kunstenaar om toestemming kragtens dié wet te verleen; om voorsiening te maak vir verbode gedrag en uitsonderings ten opsigte van onderskeidelik tegnologiese beskermingsmaatreëls en kopieregbestuursinligting; om verder voorsiening te maak vir verdere oortredings en strawwe; om sekere uitdrukkings te vervang; om voorsiening te maak vir oorgangstydbepalings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**WYSIGINGSWETSONTWERP OP KOPIEREG [B 13D – 2017]**

Die wetsontwerp het ten doel om die Wet op Kopiereg, 1978, te wysig om sekere woorde en uitdrukkings te omskryf; om voorsiening te maak vir verdere beperkings en uitsonderings met betrekking tot die herproduksie van kopieregwerke; om voorsiening te maak vir die deel van tantième in kopieregwerke; om voorsiening te maak vir die betaling van tantième ten opsigte van literêre, musikale, artistieke en oudiovisuele werke; om voorsiening te maak vir herverkooptantièmeregte; om voorsiening te maak vir aantekening en rapportering van sekere aktiwiteite; om voorsiening te maak vir die akkreditasie van kollekteverenigings; om voorsiening te maak vir 'n meganisme vir die beslegting van geskille; om voorsiening te maak vir toegang tot kopieregwerke deur persone met 'n gestremdheid; om voorsiening te maak vir die lisensiëring van weeswerke; om die bevoegdhede en funksies van die Kopieregtribunaal te versterk; om voorsiening te maak vir verbode optrede ten opsigte van tegnologiese beskermingsmaatreëls; om voorsiening te maak vir verbode gedrag ten opsigte van kopieregbestuursinligting; om voorsiening te maak vir die beskerming van digitale regte; om voorsiening te maak vir sekere nuwe oortredings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae sowel as skriftelike voorleggings kan gerig word aan die Gekose Komitee oor Handel en Nywerheid, Ekonomiese Ontwikkeling, Kleinsakeontwikkeling, Toerisme, Indiensneming en Arbeid, vir aandag me Noziphiwo Dinizulu per e-pos ndinizulu@parliament.gov.za of me Mahdiyah Koff by mkoff@parliament.gov.za. Benewens die skriftelike kommentaar, dui asseblief u belangstelling aan om 'n mondelinge voorstelling aan die Komitee te doen.

**Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings is aan die einde van die besigheidsdag op Vrydag, 27 Januarie 2023.**

Afskrifte van die wetsontwerpe kan telefonies aangevra word van me Noziphiwo Dinizulu by sel: 083 709 8393 of me Mahdiyah Koff by sel: 083 709 8527 of elektronies verkry word via die parlementêre webwerf (www.parliament.gov.za).

**Uitgereik deur:**
**Mnr Mandla Isaac Rayi, LP**

**Voorsitter van die Gekose Komitee oor Handel en Nywerheid, Ekonomiese Ontwikkeling, Kleinsakeontwikkeling, Toerisme, Indiensneming en Arbeid.**